



SA BOERPERD

2012 NUUSBRIEF No.1


Goeiedag Boerperd Vriende

Almal is nog besig om te herstel na Kersfees en Nuwejaar en hier lê Paasfees alweer om die draai! Die skoue in Kayalami (Horse of the Year), sowel as die WP Kampioenskappe in Riversdal is sowaar al agter die rug.

Hierdie is die eerste van 4 nuusbriewe vir 2012. Ons beoog om aan die einde van elke kwartaal 'n skrywe aan alle lede te rig om kommunikasie te bevorder en vrae by voorbaat te beantwoord, sowel as u in kennis te stel van raadsbesluite, asook gebeure wat u as lede raak. Indien u iets in die nuusbrief geplaas sou wou hê, kan u dit gerus per e-pos aan my stuur. Baie van die berigte in die nuusbrief is reeds aan u gestuur of reeds op die SA Boerperd webblad. Hierdie is dus ook 'n samevatting van die afgelope kwartaal se gebeure.

In hierdie nuusbrief:

1. 2012 SA BOERPERD RUITERSKUNS SPAN NA DIE VSA
2. 2012 SA BOERPERD JOERNAAL
3. TEGNOLOGIE
  - 3.1 Web-tuiste
  - 3.2 Advertensies
  - 3.3 Rekeninge
  - 3.4 Logix
4. NUWE UITDAGINGS
  - 4.1 SANESA saddle seat klasse
  - 4.2 RODEO SA
5. DIEREGESONDHEID
  - 5.1 CEM (Contageous Equine Metritis)
  - 5.2 ONTWURMINGS & INENTINGS
6. ....EN AL DAAI AFKORTINGS.....!!!!



*Rig gerus alle toekomstige  
bydraes vir die nuusbrief  
aan my by  
[pietgrove@mweb.co.za](mailto:pietgrove@mweb.co.za).*

*Lekker lees!*

*Piet Grové  
0833011633*

## 1. 2012 SA BOERPERD RUITERSKUNS SPAN NA DIE VSA

Die selektering van SA Boerperd span wat ons in die VSA op die Morgan perde gaan verteenwoordig, het plaasgevind op 7 Januarie 2012. Baie geluk aan die ruiters wat gekies is om ons vlag in Lexington, Kentucky te laat wapper. Baie sterkte ook met al die reisreëlings aan Liezelle en haar span. Hulle is tans druk besig met oefenkampe ter voorbereiding en sal tydens die Vrystaat Streekkampioenskappe (Bloemfontein, 30 April tot 3 Mei) in aksie te sien wees.

**Baie geluk aan die volgende kinders:**

**Span** : Dédre Cloete; Riekie Engelbrecht; Kristen Joubert; Linda Meintjies; Hans Schutte.

**Reserwes**: Judith Bosman; Ansie Uys.



Die span en keurders v.l.n.r: Riekie Engelbrecht; Dédre Cloete; Hedwig Schoonraad; Kristin Joubert; Linda Meintjies; Hans Schutte; Georde Borchards; Judith Bosman; Ansie Uys; Sue Goodman.

## 2. SA BOERPERD JOERNAAL 2012

In die vorige nuusbrief (Desember 2011), het ons reeds berig dat 'n nuwe SA Boerperd Joernaal in Oktober 2012 die lig gaan sien. Sameul Louw gaan weereens optree as bekwame redakteur van die publikasie. U sou teen die tyd alreeds TWEE skrywes van hom ontvang het met inligting vir die plasing van artikels, borg van bladsye en insluiting van advertensies in hierdie publikasie. Aangesien daar weinig respons op enige van die vorige korrespondensie was, plaas ons weer 'n verkorte weergawe van die vorige skrywes hieronder. Let asseblief noukeurig op die afsnydatums. Ons wil dan ook 'n **dringende beroep** op u doen om so gou moontlik te laat blyk in welke mate u bereid is om 'n bydrae tot die publikasie te lewer.



### 1. Redaksie

*Ekself (Sameul Louw) sal optree as redakteur en u moet asb. vrymoedigheid neem om enige iets rakende die Joernaal met my op te neem. Versoeke en probleme sal sover moontlik en so goed as moontlik hanteer word.*

#### **Kontakbesonderhede:**

**Samuel Louw (redakteur)**

**Sel : 082 465 4725**

**E-pos : [louwvliet@lantic.net](mailto:louwvliet@lantic.net)**

### 2. Stoetadvertensies

*Alle lede word genooi om 'n advertensie van hulle stoet te plaas. U kan dit self opstel, ons wil net hê dat dit van goeie kwaliteit sal wees. Maak ook nou van die reënseisoen en groenigheid in die veld gebruik as u mooi foto's wil laat neem, veral van veldperde.*

#### 2.1. Hulp met stoetadvertensies

*As u hulp nodig het met die uitleg van u stoetadvertensies is daar 'n persoon wat u behulpsaam kan wees. Ons wil aan die hand doen en dit sterk aanbeveel dat u van Renata Louwrens gebruik sal maak vir u stoetadvertensie.*

*Sy kan vir u behulpsaam wees met (teen 'n fooi):*

- Die opstel daarvan van die begin af
- Die afronding en skaafwerk aan u eie uitleg
- U kan dit vir beoordeling en wenke ook net aan haar voorlê  
Stuur dit **per e-pos**, of as dit op 'n CD is kan u dit **per landpos** ook stuur - alles net betyds asb!!

#### **Hulp en uitleg van stoetadvertensies:**

**Renata Louwrens**

**Sel: 082 222 3410**

**E-pos : [reman@vodamail.co.za](mailto:reman@vodamail.co.za)**

**Posadres: Posbus 305,**

**Kinross. 2270**

#### 2.2. Foto's vir stoetadvertensies

##### **Elpita Fotografie**

*Bloemfontein, maar werk landswyd*

**Piet Scheepers**

**Sel : 082 414 0401**

**E-pos : [piet@elitaphotography.com](mailto:piet@elitaphotography.com)**

**Webwef : [www.elpitaphotography.com](http://www.elpitaphotography.com)**

##### **Deon Harris Fotografie**

*Vryheid, Natal*

**Deon Harris**

**Sel : 082 893 1990**

**E-pos : [deon.harris@gmail.com](mailto:deon.harris@gmail.com)**

##### **H2 Photography**

*Kyalami, Midrand, Johannesburg*

**Hennie van den Bergh**

**Sel : 082 458 0961**

**Heather van den Bergh**

**Sel : 082 876 9610**

**Faks : 086 540 5250**

**Web-tuiste : [www.h2pics.co.za](http://www.h2pics.co.za)**

# 2012 Boerperd Nuusbrief No. 1

*Aangeheg hieronder is ook weer 'n lys van fotograwe wat op een of ander manier betrokke is by die perde tydskrif, HQ. Dit is goedgegunstiglik aan ons beskikbaar gestel en u kan self 'n fotograaf kontak, wat in die nabye omgewing is.*

Area	Naam	Telefoon
Bloemfontein	Hilton Kotze	082 823 6059
Eastern Cape	Michaela Manthe	083 234 8920
Eastern Cape	K9 Studio Photography: Liezle Botha	082 550 6462
Western Cape, Brackenfell, Durbanville, Panorama, Bellville	Linda Basson	073 345 3556
Western Cape, Bellville, Durbanville	Werner Nysschen Photography	083 357 4736
Western Cape, Edgemead, Bothasig, Goodwood, Tableview, Parklands	Angel Photography: Janina Long	084 370 2121
Western Cape	Benni Hotz	082 882 6773
Western Cape	Johann Theron	083 300 2267
Western Cape, Northern Suburbs & CBD	Kirsty Soulsby	084 559 7415
Western Cape, Paarl	Evert Nel	083 447 8511
Western Cape, Tulbagh	Dawid Theron	071 897 9100
KwaZulu-Natal	Ariadne Van Zandbergen	036 448 1464
Gauteng	Mike Pawley	082 900 8021
Gauteng	H2 Photography: Hennie & Heather van den Berg	082 876 9610
Gauteng	T&B Images: Tamara & Blake	082 566 6977
Gauteng	Lasting Image: Michelle Colborne	082 455 4522
Gauteng, Morningside	Anne Brest	082 452 7166
Pretoria	Andre Sunassay	012 654 7097
Pretoria	Petronella Liebenberg	073 779 2350
Pretoria/Johannesburg	Design House Studios: Sonelle van Wyk	076 829 6267

### **2.3. Koste per advertensie**

*Die tariewe sal soos volg wees en lede wat wil plaas sal gefaktureer word:*

- *Halfblad : R1,000-00*
- *Volblad : R1,500-00*
- *Dubbelblad : R3,000-00*

*Alle betalings gaan deur die SA Boerperd bankrekening soos op die stoetrekeninge aangedui.*

### **3. Borge vir sekere uitgesoekte bladsye**

*Ons wil hê dat die boek 'n "perdeboek" sal wees en nie 'n vertoonvenster vir verskaffers nie. Tog word enkele borge op spesiale bladsye per tender uitgesit. Die bladsye waarop 'n tender deur lede ingesit kan word is:*

- *Voor binneblad*
- *Agter binneblad*
- *Middelblad*

*Werkswyse: tenders vir borge kan per pos, of per e-pos by die SA Boerperd kantoor ingedien word.*

### 4. Voorbladfoto

Met die oog op die voorblad kan enige foto's ( met die naam van die perd) ingestuur word. Die Raad sal 'n finale besluit hieroor neem.

Ons gaan die volgende werkswyse volg: As u in besit is van 'n mooi foto wat u reken in aanmerking kan kom, kan dit "**genomineer**" word vir 'n voorbladfoto. Stuur dit ook aan Renate Louwrens.

### 5. Artikels en bydraes deur lede

Indien u enige bydrae kan maak, in die vorm van 'n artikel, staaltjies of vertelling, kan dit deurgestuur word na die redaksie.

Groete

Samuel Louw

082 465 4725



### **BELANGRIKE DATUMS!!!!**

- Inhandiging van **tenders**, borge vir sekere bladsye - **31 Maart 2012**
- Inhandiging van **stoetadvertensies** - **31 Mei 2012**
- Inhandiging van **bydraes vir plasing as artikels** - **31 Mei 2012**
- **Publikasie en bekenstelling** - Nasionale kampioenskappe, Parys, **2-5 Oktober 2012**

## 3. TEGNOLOGIE.....

### 3.1 WEB-TUISTE ([www.saboerperd.com](http://www.saboerperd.com))

Soos u reeds weet, gaan ons web-tuiste eersdaags 'n nuwe baadjie aantrek. Dit gaan egter nie oornag plaasvind nie. Lisa Verwey is deur die raad aangestel om die taak te behartig en die oorgang so glad moontlik te laat verloop. Besoek gerus ons webblad om gereeld tred te hou met nuwe skakels (*links*), asook die nuuste skou-uitslae, foto's, produksieveilings, advertensies en veranderinge aan skouereëls te sien.

# 2012 Boerperd Nuusbrief No. 1

---

## 3.2 ADVERTENSIES

SA Boerperd telers kan nou gratis op die webblad adverteer indien hulle perde het om te verkoop. Daar is egter 'n beperking van 2 perde per stoet. Die advertensies kan aan Elize ge-e-pos word by [elize@studbook.co.za](mailto:elize@studbook.co.za).

Telers wat reeds hulle eie web-tuistes het, kan nou ook inskakel by die nuwe SA Boerperd web-tuiste. Indien daar genoeg belangstelling is in die verband, kan daar moontlik 'n spesiale prys beding word. Kontak asb. vir Michiel Burger in die verband (Sel no.:0826749595).

Onthou asseblief ook van die volgende opkomende SA Boerperd produksieveilings:

- Dinsdag 1 Mei 2012: Devondale 2012 Prestige veiling te Bronkhorstspruit (Johan de Klerk, Sel no.: 0824952957)
- Saterdag 16 Junie 2012: Top Drie SA Boerperd 1ste produksie veiling deur Henry Krog (0722283641), Diederik Cloete (0829626476) & Michiel Burger (0826749595), gehou te Kroonstad.

Die landboutydskrif **VEEPLAAS** stel nou plek beskikbaar vir boere om gratis te adverteer. Kontak hulle gerus by <http://www.agri-online.co.za>.

## 3.3 REKENINGE

Met die ingang van 2012, is daar verseker baie nuwejaarsvoornemens. Een van die baie positiewe dinge wat met hierdie nuwe jaar geïmplementeer is, is e-pos rekeninge. Dit bespaar baie papier en posgeld en is dus meer omgewingsvriendelik. Maak asseblief seker dat u u rekeninge uitdruk aangesien dit nie meer in die toekoms gepos gaan word nie. Indien u 'n probleem het met internet opvangs, skakel asseblief met Elize sodat sy u op 'n poslys kan plaas vanwaar enkele rekeninge, asook ander kommunikasie soos bv. die nuusbriewe, dan steeds op versoek per pos gestuur sal word. Indien u dus vir 'n baie lang tyd nie 'n rekening ontvang het nie, beteken dit nie dat lidmaatskap nou verniet is nie – net dat u daarvoor moet vra ☺! ([elize@studbook.co.za](mailto:elize@studbook.co.za) / 051-4100900).

Indien daar direkte rekeningnavrae is, kan u gerus vir Melanie Basson (051-4100900) by studbook skakel. (E-pos: [melanieb@studbook.co.za](mailto:melanieb@studbook.co.za)).

## 3.4. LOGIX (<http://www.logix.org.za>)

Skou-uitslae gaan voortaan gekoppel word aan die registrasiebesonderhede van perde op Logix. Sodoende sal 'n skourekord outomaties vir elke perd gegenereer word nadat die skou-uitslae ingelees is. Gaan kyk gerus: die Nasionale skou 2011 se uitslae is reeds beskikbaar by die seleksie van elke perd se naam.

## 4. NUWE UITDAGINGS


### 4.1 SANESA saddle seat klasse



Vanaf 2012 bied SANESA (die SA skole perdesport liga) nou ook skouklasse aan in saddle seat. Meer inligting i.v.m. die registrasie van perde, skoureëls, ryklasse, rydrag en toetse, sowel as gradering, is te vind op die ESSASA web-tuiste: <http://www.essasa.co.za>. (Kyk na punt 6 vir 'n verklaring van die afkortings). Alle perde wat in die klasse wil kompeteer, moet dan ook by ESSASA geregistreer word.

### 4.2 RODEO SA E-pos: info.rodeo@gmailcom

Wanneer ons aan Rodeo dink, dink die meeste mense aan hoe om wilde perde en bulle te ry. Dit is egter gladnie waaroor dit gaan nie! Deur Rodeo SA, word ons bekend gestel aan 'n alternatiewe ry-dissipline met sy eie reëls, rydrag en toerusting. Die skouklasse sluit in *barrel racing*, *pole bending*, *keyhole pace* en *flag racing*. Hierdie klasse het soos enige ander skouklasse, spesifieke reëls en die perde moet ook spesifiek daarvoor geskool word. Daar is dus geen wilde perd wat opgesaal en mak gery word nie!



Die **SA Boerperd genootskap** is reeds as klub **by Rodeo SA** geaffilieer en u kan dus met vrymoedigheid hierdie nuwe en opwindende uitdaging ondersoek. Skakel of e-pos gerus vir Riana le Roux by bg. e-pos adres of sel no.: 0727633672. Sodra Rodeo SA se web-tuiste gereed is, sal ons 'n skakel (*link*) op die SA Boerperd web-tuiste aanbring. Hulle is ook beskikbaar op Facebook.

## 5. DIEREGESONDHEID

### 5.1 CEM (Contageous Equine Metritis)



Onthou asseblief dat dit die eienaars van hingste se eie verantwoordelikheid is om ons kantoor te voorsien met die sertifikaat wat aan u uitgereik is ter verklaring dat u hings getoets is vir CEM en dat hy geskik is om mee te teel. U moet die sertifikaat self by u veearts kry en aan ons besorg, hetsy per e-pos of slakkepos. Indien u nog nie werk daarvan gemaak het nie, is dit nou u laaste kans. GEEN vullens sal deur Studbook aangeteken word sonder so 'n sertifikaat nie. Ons verneem dat Onderstepoort 'n tyd gelede probleme ondervind het met die uitreik daarvan, maar dat hulle sisteme nou weer aan die gang is. Moet dus nie vergeet om hierdie saak op te volg nie.

Vanaf 15 Maart 2012 is daar nou ook 'n direkte hulplyn by SA Stamboek beskikbaar. Indien u enige navrae of hulp nodig het, kan u vir Rosa van der Merwe kontak. (Tel: 051-4100900 E-pos: [rosa@studbook.co.za](mailto:rosa@studbook.co.za)). Rosa sal u ook kan assisteer met enige Logix navrae.

## 5.2 ONTWURMING EN INENTING

Net vir die wis en die onwis, sluit ons hierby die ontworming- en inentingskediule in soos voorgestel deur Equifox, 'n gespesialiseerde perde-apteek geleë in Kayalami. Die van u wat perde het wat deelneem aan SENESA of SANEF skoue, asook saddle seat by ESSASA ry, sal weet dat die rekords hiervan bygehou moet word deur 'n veearts in die perde se blou provinsiale paspoorte.



### **DEWORMING:**

- *Broodmares must be dewormed one week after foaling, then again one month later, then every 6 weeks until the foal is weaned.*
- *Broodmares must not be dewormed in the first or last 60 days of pregnancy.*
- *Foals must be dewormed at 4 weeks old with Pegasol or Panacur, followed at 6 week intervals with Pegamax, Equimax, Equest, Pegaforte etc. until weaning.*
- *Adult horses should be dewormed at intervals no longer than 12 weeks.*

### **VACCINATIONS**

#### TETANUS:

General	:	Annually
Broodmares	:	4-6 weeks before foaling
Foals	:	3 months old; booster 4-6 weeks later; thereafter annually.

#### HORSE SICKNESS (AHS):

General	:	Annually
Broodmares	:	6-8 weeks before foaling
Foals from vaccinated mares:	:	6 months old

*Foals from unvaccinated mares: Any age*

*Foals should be vaccinated 3 times during the first year.*

#### EQUINE INFLUENZA:

General	:	Every 6 months
Broodmares	:	Every 6 months, booster 4-6 weeks before foaling
Foals from vaccinated mares:	:	6 months old; booster 4-6 weeks later; then every 6 months.
Foals from unvaccinated mares:	:	4 months old; booster 4-6 weeks later; then every 6 months.

#### STRANGLES (STREP. EQUI):

General	:	Every 4 – 6 months
Foals	:	4 months old & booster at 5 months old.

## 6 .....EN AL DAAI AFKORTINGS.....

<b>FEI</b>	<i>Federation Equestre Internationale (Frans)</i>
<b>GHS</b>	<i>Gauteng Horse Society (other provincial bodies: <b>MHS, WPHS</b> etc.)</i>
<b>SANEF</b>	<i>South African National Equestrian Federation (Oop gegradeerde liga)</i>
<b>SANESA</b>	<i>South African National Equestrian Schools Association (Skole liga)</i>
<b>ESSASA</b>	<i>Equestrian Saddle Seat Association of South Africa</i>